Diarree en Vrektes onder lammers

Einde van Maart het ons ‘n siektebrief uitgegee met inligting omtrent die siektes wat ons op daardie stadium baie ondervind het en ook die behandelings. Die diarree onder die lammers is egter op hierdie stadium ‘n baie groot probleem en veroorsaak groot finansiële verliese vir die boere regoor Suid Afrika.

Daar is baie moontlikhede wat die diarree kan veroorsaak, maar nadat ons op verskeie nadoodse ondersoeke dieselfde patogene gesien het en swabs geneem het vir Bakteriële kwekings het almal sterk E Coli groei gehad. Ons het ook Antibiogramme laat doen om seker te maak dat ons die regte Antiobiotika gebruik waarvoor die organismes sensitief is. Daar was ook gevalle waar ons Cryptosporidium opgetel het.

Soos in vorige skrywe is ons nog nie seker of die E Coli die Primêre of sekondêre infeksie is nie. Ons weet dat jongdiere meer vatbaar is vir siektes en sodra die immuniteit onderdruk word, kan daar baie dinge verkeerd gaan.

Ek gaan nie die geleerde inligting rondom die verskeie siektes en bakteriële infeksies deurgee in hierdie skrywe nie, daar is wel baie inligting op die internet en goeie artikels wat ek sal aanstuur op versoek. Ons het nog nie die wondermiddel om die ding heeltemal uit te wis nie, maar daar is baie veeartse en tegnikuste oor die land wat baie hard daaraan werk om ‘n oplossing te kry.

Ek moet net noem dat daar baie faktore is wat ‘n rol kan speel by E Coli besmetting. Eerstens dit is ‘n Bakterieë wat normaal in mens en dier se dermkanaal voorkom. Daar is die goeie Bakterieë en dan die wat moeilikheid maak soos in die geval waarmee ons nou sukkel. Voëls en ander diere kan die drinkwater besoedel en siek diere besoedel weer die grond. Ons het ‘n 3 jaar lange droogte gehad en steeds nog nie genoeg reën gehad om ons ondergrondse water aan te vul nie. Die bakterieë kan ook in sekere gebiede in syferwater voorkom, en weens die min water is die konsentrasie bakterieë baie hoër as wat dit onder normale omstandighede sou wees.

Hier is ons aanbeveling as praktyk om diere voorkomend te behandel asook seker te maak dat lammers ‘n sterk immuniteit het en dan as die diarree begin om dit dadelik te begin behandel.

Ooie voor lam:

- Ent dragtige ooie met E Coli entstof(**Autogeniese entstof vanaf Design Biologix**) 6 weke voor lam en gee skraagdosis 2 weke voor lam. Beskikbaar op voorskrif vanaf veearts.
- Maak seker dat lamhokke goed ontsmet is met bv F10 of Virkon, en maak waterkruppe gereeld skoon.

Lammers met geboorte:

- Bayer het Byboost Rotapaste beskikbaar wat binne 12h na geboorte vir lam gegee moet word. Rotapaste help om gesonde mikrobes in die spysverterings kanaal te vestig om die dier dan sodoende te beskerm teen infeksies soos E Coli en Salmonella en immuniteit teen Rota- en Coronavirus te bied.

Dag 2:

- Baycox 5% doseer elke lam 2ml per 5kg mondelings(Koksidiose)
- Byboost Kickstart 1ml per kg. Kan eenmalig gegee word of elke dag vir 3 dae herhaal word.

Lammers met Diarree:

- Belangrikste isoleer alle lammers met hulle ma's wat diarree het.
- Spuit al die gesonde lammers wat in die kamp agterbly met Sulfa Langwerkende antibiotika 2ml per 10kg onderhuids.
- Siek Lammers word behandel met Baytril 1ml per 10kg onderhuids(eenmalig) of Advocin 1ml per 20kg onderhuids moet elke dag Advocin herhaal vir 3-5 dae.
- Saam met die Baytril/Advocin behandeling kan jy ook Kantrexil(Antibiotika + Pektin) elke dag ingee totdat die diarree opklaar. Kantrexil word om die helfte met water verdien 50:50 en dan kry elke lam 8ml mondelings.
- Al die lammers moet 2-3 x per dag elektroliete ontvang, anders gaan hulle bloedsuiker val en hulle gaan te swak raak om aan die ma te drink en gevolglik vrek.

Elektroliet mengsel:

- 100 g Diakur poeier
- 60gram Diarree poeier
- 500ml water

Meng en doseer elke lam 60ml, tensy baie swak en nie meer drink kan die dosis verhoog word om dehidrasie te voorkom.

Hierdie skrywe is opgestel deur Sr Nelia Calitz en Dr Stephan Wessels en is 'n samevatting van wat ons die laaste paar maande in praktyk ondervind het en wat die beste resultaat gegee het met voorkoming asook behandeling.

Skakel gerus vir Nelia indien daar enige verdere navrae is.